

# Hoofstuk 1

## Agtergrond en orientasie

Johann Dippenaar

### 1. Die doel van die 61 SWP

Die doel van hierdie “Staannde Werk Prosedure” hierna verwys na SWP is om die dag tot dag funksionering van 61 Gemeganiseerde Veterane-vereniging (61 MVV) in ‘n beleidsraamwerk met standarde daar te stel vir leiding en uitvoering.

Die SWP is tiperend van die manier hoe 61 Meg Bn Gp van ouds opgetree het. *Doelgerig, samehorig en gefokus op die beste resultate* Die SWP moet enige 61 ener in staat stel om enige van die prosedures hierin beskryf suksesvol uit te voer. Hierdie SWP sal derhalwe opvolgende bestuurslede in staat stel om oor te neem en standarde te handhaaf. Die SWP moet opdatum en as ‘n lewende dokument gehou word. Dit is die taak van die 61 Exco.

### 2. Die samestelling van die SWP

Die 61 MVV-bestuur (Exco) is gemaklik daarmee dat die SWP in Engels en Afrikaans geskryf is. Vervolgens is daar aanhangsels by hoofstukke wat periodiek veranderings moontlik maak om sodoende die SWP opdatum te hou. Dit word vertrou dat die inhoudsopgawe die gebruik van die SWP gebruikers vriendelik maak.

### 3. Die kripties verhaal van 61

61 Gemeganiseerde Bataljon Groep (61Meg Bn Gp) het sy beslag as Veggroep Juliet (1978) gekry en is amptelik in 1979 in opdrag van Genl Constand Viljoen, deur Kmdt Johann Dippenaar met n basis te Omuthya in die suide van Owamboland gestig. Die eenheid het in 2005 gesluit in opdrag van die huidige regering en het dus suksesvol, sonder enige kontroversie, onder twee regerings gedien. Die eenheid was die "hardepunt" van die SAW gedurende die bosoorlogfase en het aan bykans elke groot oorgrens operasie sedert 1979 deelgeneem. Tydens die kulminasie van die laaste fases van die oorlog (1987-1989) was die eenheid sentraal tot die gevegte rondom Cuito, waarvan die grootste enkel veldslag die uitwissing van die Fapla brigade(s) tydens die gevegte by die Lomba was, dit het die suidwaartse offensief van die Angolese magte letterlik in hul spore gestuit. Volgens die gesaghebbende militere analis, Helmoed Rohmer Heitman het die soldate betrokke tydens hierdie gevegte meer van oorlog ervaar as die gemiddelde geallieerde soldaat tydens die “Tweede Wêreldoorlog”.

Die eenheid is ook tydens die 1994 verkiesing as n stabiliserings mag gebruik om die verkiesings proses te beveilig. Na 1994 was die eenheid baie suksesvol in stedelike en plattelandse gebiede in Kwa-Zulu Natal aangewend om voortsleepende geweld tussen faksies te verhoed asook in n misdaad voorkomingsrol in samewerking met die SAPS. 61 Meg Bn Gp se nalatenskap vir die SAW en SANW was (en is) enorm en het op menige

loopbaan soldate (career soldiers) en dienspligtiges se lewens 'n onuitwisbare merk gelaat.

Na die amptelike stigting van 61 Gemeganiseerde Veterane Vereniging - 61 MVV (Kyk hoofstuk 2) op 30 Augustus 2008 het daar 'n broederskap onder die oud lede ontwikkel wat vir baie jare in die toekoms die trots en behoud van hierdie unieke eenheid sal bewaar en in standhou. *"At the end of the day, comradeship is what soldiering is about, a link born in the face of hardship and extreme danger. In a sense we were privileged to have served the SADF during some of the many military operations"* Teen hierdie agtergrond is daar in Maart 2010 reeds voorsien om 'n 61 geskiedenis boek die lig te laat sien. Hierdie inisiatief is deur Ariel Hugo geïnisieer. Gelyktydig in dieselfde tyd is daar ook besluit om die memorabilia (gedenkwaardighede) van 61 Meg terwille van die eer van die eenheid, sy nalatenskap en sy oud lede sentraal te bewaar.

Die 61 Meg Bn Gp memorabilia na sluiting in 2005 was verdeel tussen die Leergevegskool te Lohathla en 1 SAI Bn te Bloemfontein. Die gedenknaald was by Leergevegskool. Die Regimentsvaandel, sub-eenheids-vlae, die Hind gedenkklok en ander museum items insluitend die Olifant tenk en gebuite BRDM verkenningskar, asook die 61 Regiments-fonds, was by 1 SAI Bn. Gen Dippenaar het begin met 'n ondersoek na die geskikte plek waar die 61 MVV museum gevestig kan raak. Die enigste realistiese plekke in Gauteng was die Voortrekker Monument in Pretoria of Ditsong Nasionale Museum van Militere Geskiedenis in Johannesburg. Die keuse vir verskeie redes was die Oorlog museum. Hierdie besluit is met tyd bewys om die regte een te wees. Dippenaar het onmiddelik met die Hoof van die SA Leer en SA Weermag bevel struktuur onderhandel en sodoende magtiging verkry vir die verskuiwing en hervestiging van die 61 gedenknaald en memorabilia.

Daar is op 30 April 2010 magtiging deur die SA Leer verleen om die naald na die Krygsmuseum vir Militere Geskiedenis in Johannesburg te verskuif. Op 12 Mei 2010 word die naald afgetakel deur Jaap Steyn en vervoer na Johannesburg en daar is begin met die oprigting 18 Mei 2010. Op 25 Mei was die taak grootliks afgehandel en moes nog net afronding gedoen word. Die totale oprigtings koste was R16,000.00. Die granite wat gebruik is vir die naald kom van Karabib in Namibië. Die ontwerp van die naald en die uitleg daarvan is met die beplanning in 1980 besluit. Die oprigting is einde 1983 in die tyd van RSM HG Smit by 61 Meg basis te Omuthiya gedoen. Die naald is in 1989 geskuif van Omuthiya met die onttrekking van 61 Meg na Walvisbaai. Daar het dit in die O Kompanie store gebly tot 61 personeel dit Oktober 1991 na Leergevegskool geskuif het.

Op 12 Junie 2010 om 10h00 onthul 61 Meg Veterane Vereniging die heringebruikneming van die eenheid se gedenknaald in die teenwoordigheid van ongeveer 200 ex 61eners. Die 61 gedenknaald is sentraal geplaas by die ingang van die Krygsmuseum vir Militere geskiedenis in die oog van die algemene publiek. Die Suid Afrikaanse Nasionale Oorlog Museum is amptelik geopen deur die destydse Eerste Minister Veldmaarskalk JC Smuts op 29 Augustus 1947. Dit is hopelik 'n laaste rusplek waar eerbetoon aan gevallene makkers getoon kan word. Die naald het al die name van lede van die eenheid wat gevegs-operasies gesneuwel het tussen 1979 en 2005. Na die gedenkdiens op 12 Junie 2010 is daar 'n gedenklesing, 30 jaar na die gebeure van Operasie Smokeshell (10 Junie 1980) in die Lemmer Auditorium by die Oorlogsmuseum deur die Bevelstruktuur van die operasie aangebied.

#### **4. Die beleid voortaan**

Daar was onmiddellik konsensus by die 61 MVV bestuur dat Operasie Protea wat 20 Augustus 1981 plaasgevind het die datum en die gedenklesing sal wees. Dit is ook een van die eerste reëls wat neergelê is. Sedertdien is die derde Saterdag in Augustus die jaarlikse gedenkdiens wat jaar na jaar groei in bywoning. Die 61 Exco poog om op die Vrydag voor die gedenkdiens 'n program vir lede te reël juis omrede baie 61eners van wyd en suid kom vir hierdie besondere geleentheid.